WES-KAAPSE DKES-UITNODIGING VIR AANSOEKE OM JAARLIKSE PROJEKBEFONDSING VIR 2025/26

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) nooi geregistreerde kuns- en kultuurorganisasies en -instellings, kunstenaarsgroepe, individue wat betrokke is by artistieke uitdrukkings en kuns- en kultuurgebeurtenismaatskappye om hul aanlyn-aansoeke vir projekbefondsing vir die 2025/26-boekjaar in te dien. Alle aansoekers moet Suid-Afrikaanse burgers en in die Wes-Kaap gebaseer wees.

Let wel: Jy kan onder Afdeling A of onder Afdeling B aansoek doen. Slegs een aansoek per organisasie, individu of maatskappy word toegelaat.

AFDELING A

Aansoeke word ingewag vir befondsing vir projekte/programme binne die volgende befondsingskategorieë:

BEFONDSINGSKATEGORIE	PROJEK/PROGRAM	BEFONDSINGSUITKOMS
1. Geslagsresponsiwiteit	Kuns- en kultuurprogramme wat gestruktureer is om vroue te bemagtig, aspekte van geslagsgebaseerde geweld (GGG) te takel en geslagsresponsiwiteit bevorder deur programme wat aandag skenk aan die bekamping van geslagsongelykheid.	• Programme wat geslagsgebaseerde struikelblokke takel, geslagsverskille respekteer, strukture, stelsels en metodologieë aktiveer om geslagssensitiwiteit te bevorder. • Verseker geslagspariteit as 'n meer omvattende strategie om geslagsgelykheid te bevorder.
2. Kultuurtoerisme	Feeste, insluitend film- en literêre feeste, toerproduksies en uitstallings.	• Werkskepping deur kuns. • Geleenthede binne die bedryf word geskep vir gemarginaliseerde groepe, veral vroue.
3. Boeke en pers	Poësieskryf, skrywerstoekennings, kreatiewe skryfwerk, outobiografieë, kinderliteratuur, volksverhale, kortverhale, boekebasare, literêre tydskrifte, uitgewerysubsidies vir uitgewerye.	• Ontwikkel en moedig nuwe skrywers aan. • Bevorder kreatiwiteit. • Bewaring en optekening.
4. Oudiovisueel	Film en video, televisie en radio, klankopnames, spotprente.	• Innovering. • Produkte wat geproduseer word – positiewe boodskappe oor maatskaplike kwessies. • Opvoedkundige en opleidingswaarde.
5. Ontwerp en Kreatiewe Dienste	Grafies – animasie en multimedia-ontwerp, modeontwerp.	• Oorspronklike werke uniek aan die Wes-Kaap. • Innovering. • Oordrag van vaardighede.

6. Nuwe Werke	Enige dissipline of medium wat kultuur- en inheemse kuns weerspieël.	• Meer uitgebreide bewustheid en kennis. • Inklusiwiteit. • Toon waardering en respek vir kultuuruitdrukkings.
7. Multidissiplinêr	'n Kunsaktiwiteit wat twee of meer kunsvorme of dissiplines insluit.	• Innovering. • Medeskepping en oordrag van vaardighede.
8. Optrede en Viering	Choreografiese werke, tegniese opleiding, draaiboekskryf, sirkus, dans, optredes, komedie, toorkuns, mimiek, poppespel, poësie, dramatoneelstukke, storievertelling, musiekteater, musiekonderrig / komposisies / konferensies / verwerkings ens.	• Blootstelling en talentidentifikasie. • Vaardigheidsopleiding en kunsonderrig. • Werkskepping. • Verhoog deelname van aangewese groepe.
9. Visuele Kuns en Kunsvlyt	Skilder, skets, keramiek, kunsvlyt, fotografie en beeldhouwerk.	• Werkskepping deur kuns. • Oordrag van vaardighede. • Innovering.

AFDELING B

Organisasies word versoek om 'n voorstel in te dien wat 'n multidissiplinêre kuns- en kultuurinisiatief moet wees **wat die volgende weerspieël**:

- Innovering
- Vennootskappe insluitend die private sektor
- Maak gebruik van toerisme of bestaande inisiatiewe
- Het die potensiaal om te groei en sinoniem met Kaapstad te word
- Het ander bronne van inkomste
- Vermoë om gehore na 'n unieke ervaring te lok
- Inisiatief is sigbaar

Die inisiatief moet die volgende insluit:

- Spesifieke doelwit wat die provinsie se prioriteite *(werkskepping, veiligheid, welstand ens.)* aanspreek
- Duidelik bepaalde tydlyne
- Potensiaal om nuwe gehore te lok
- Sluit ontwikkeling van vaardighede/opleiding in
- Sluit werkskepping in

Alle aansoeke en stawende dokumentasie moet aanlyn ingedien word. Die aansoekvorms is slegs aanlyn beskikbaar by https://www.westerncape.gov.za/cas en navrae wat verband hou met die proses kan aan die volgende amptenare gerig word:

Fareedah Hunter: Fareedah.Hunter@westerncape.gov.za of

Daylene Wydeman: Daylene.Wydeman@westerncape.gov.za

Die onus rus op die aansoeker om betyds aansoek te doen en hom-/haarself te vergewis van die befondsingsaansoektydlyne en aansoekproses wat op die Departement se webtuiste beskikbaar is.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is Maandag, 24 Februarie 2025 om 23:59. Die aanlynstelsel aanvaar nie laat aansoeke nie.

Let wel:

- ***Befondsing is beperk. Tydige indiening van 'n voltooide aanlyn-aansoek waarborg nie befondsing nie.***
- ***Geen aansoeke wat gefaks, met die hand afgelewer of per e-pos gestuur word, sal aanvaar word nie.***
- ***Slegs een aansoek per organisasie/individu/maatskappy onder óf Afdeling A óf Afdeling B.***